



# education

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

**GRAAD 12**

**EKONOMIE**

**MEMORANDUM**

**MODEL 2008**

**PUNTE: 300**

Hierdie memorandum bestaan uit 26 bladsye.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word verskaf as antwoorde op die volgende vrae:

- |        |                                     |
|--------|-------------------------------------|
| 1.1.1  | B (ekonomiese kringloop) ✓✓         |
| 1.1.2  | C (leidende) ✓✓                     |
| 1.1.3  | B (betalingsbalans) ✓✓              |
| 1.1.4  | C (implisiete) ✓✓                   |
| 1.1.5  | A (minder produseer en meer vra) ✓✓ |
| 1.1.6  | A (voordeel) ✓✓                     |
| 1.1.7  | C (ontwikkelende) ✓✓                |
| 1.1.8  | C (3 % - 6 %) ✓✓                    |
| 1.1.9  | A (aansporings en subsidies) ✓✓     |
| 1.1.10 | B (inflasie en werkloosheid) ✓✓     |
| 1.1.11 | A (volhoubare) ✓✓                   |
| 1.1.12 | B (Robbeneiland) ✓✓                 |

(12 X 2) [24]

1.2 Kies, uit die lys, die woord wat die stellings die beste beskryf.

- |       |              |
|-------|--------------|
| 1.2.1 | vraag ✓✓     |
| 1.2.2 | oligopolie✓✓ |
| 1.2.3 | hiper ✓✓     |
| 1.2.4 | produk ✓✓    |
| 1.2.5 | privaat ✓✓   |

(5 x 2) [10]

1.3 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat die item in KOLOM A die beste pas.

- |       |      |
|-------|------|
| 1.3.1 | E ✓✓ |
| 1.3.2 | F ✓✓ |
| 1.3.3 | D ✓✓ |
| 1.3.4 | A ✓✓ |
| 1.3.5 | B ✓✓ |
| 1.3.6 | H ✓✓ |
| 1.3.7 | I ✓✓ |
| 1.3.8 | G ✓✓ |

(8 x 2) [16]

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.

VRAAG 2: LU1 MAKRO-EKONOMIE, AS1-AS3

### **2.1 Beantwoord die volgende vrae toepaslik:**

- 2.1.1**      (a) lekkasies ✓✓  
                  (b) trog ✓✓  
                  (c) drie ✓✓  
                  (d) depressie ✓✓                  (4 x 2) [8]

- 2.1.2 Noem enige DRIE sub-rekeninge/komponente van die betalingsbalans.**

  - Lopende rekening ✓✓
  - Kapitaaloordragrekening ✓✓
  - Finansiële rekening ✓✓
  - Amptelike reserwerekening ✓✓

(3 X 2) (6)

[14]

**2.2 Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat daarop volg:**

- 2.2.1 Huishoudings/Verbruikers ✓✓  
Besigheidsektor/Firmas/Produsente ✓✓ (2 x 2) (4)

2.2.2 Dit toon al die moontlike vlakke van besteding en produksie ✓✓  
waar die ekonomiese ligging ewig is ✓✓ (2 x 2) (4)

2.2.3  $k = \frac{20}{10}$  ✓✓  
= 2 ✓✓ (4)

- #### 2.2.4 Bereken die vermenigvuldiger as die $\text{mgv} = 0.8$

$$\begin{aligned}
 k &= \frac{1}{(1 - 0.8)} \checkmark\checkmark\checkmark \\
 &= \frac{1}{0.2} \\
 &= 5 \checkmark\checkmark\checkmark
 \end{aligned} \tag{6}$$

- ## **2.2.5 Verduidelik die verband tussen die mgv en die vermenigvuldiger**


Hoe groter die mgv, hoe groter die vermenigvuldiger (en visa versa) ✓✓

### 2.3 Verduidelik die nuwe ekonomiese paradigma met verwysing na die vraag- en aanbodkant beleid. Lig jou antwoord toe met grafieke.

- Teorieë deur die Monetariste (Friedman) en die Intervensioniste (Keynes) gee ekstreme verklarings, en is slegs waar, onder besondere omstandighede ✓✓
- In die werklike wêreld moet regerings ekonomiese groei nastreef ongeag of markte stabiel of onstabiel is. Daarom is regerings pragmaties en nie ekstreem nie - wat deursigtig is. ✓✓
- Volgens die nuwe ekonomiese paradigma is dit moontlik dat produksie vir langer periodes teen 'n hoër koers kan groei sonder om deur aanbodbeperkings gepootjie te word en sonder dat inflasiedruk ontstaan – dit lê gesetel in die vraag- en aanbodkant beleide. ✓✓


**1. Vraagkantbeleid:** tradisionele monetêre en fiskale beleide fokus op aggregaatvraag (slegs 'n vraagkant-benadering) – lewer nie ideale resultate nie ✓✓

- Aggregaat-aanbod moet ook bestuur word – fokus op verhoging van buigsaamheid van aanbod-komponente. As koste om produksie te verhoog volledig buigsaam is, kan groter reële produksie by enige prysvlak gelewer word ✓✓
- Grafiek:



- Inflasie: Aggregaat-vraag en –aanbod (totale) is in ewewig by punt C. Aggregaat-vraag (AV) is gestimuleer en verskuif na AV<sub>1</sub>, aanbod reageer en verskuif na AA<sub>1</sub> – groter reële produksie sonder enige prysstygging (by E) gelewer.
- Aanbod dikwels traag om oor kort termyn aan te pas – indien aggregaatvraag verskuif na AV<sub>1</sub>, bly aanbod konstant – snypunt by punt F – reële produksie en prys styg (inflasie) – skep omstandighede waar aanbod meer aanpasbaar is – met behulp van aanbodkant-maatregels ✓✓
- Werkloosheid: Vraagkantbeleide doeltreffend om ekonomiese groei te stimuleer – verhoog vraag na arbeid – verminder werkloosheid – inflasie verskyn (verhoog) ✓✓

- Verhouding tussen werkloosheid en inflasie geïllustreer deur Philips-kurve (PK) ✓✓
- Grafiek: Inflasie %



- PK-kurve toon oorspronklike situasie – snypunt met X-as is by A – natuurlike werkloosheidskoers bv. 14 % - geen druk op lone nie – geen inflasionele effek ✓✓
- As ekonomiese gestimuleer word dat werkloosheidskoers daal tot B (10 %) sal lone so styg dat inflasie daal na 2 % ✓✓
- As werkloosheid daal tot C nl. 8 % sal inflasie wat deur loonstygings veroorsaak is, styg tot 6 %. ✓✓
- Dus die omgekeerde verhouding tussen werkloosheid en inflasie ✓✓
- Aanbodkant-beleidmaatreëls kan gebruik word om Philips-kurve na PK<sub>1</sub> te verskuif – sluit verbeterde onderwys, doeltreffende opleiding en minder beperkings op immigrasie van opgeleide werkers in – vraag word dus tot hoër vlakke gestimuleer voordat gevoldlike toename in indiensname 'n uitwerking op inflasie het ✓✓ Maks (4 X 2)

**2. Aanbodkantbeleid:** regerings bestuur ekonomiese op so wyse dat daar groter samewerking tussen vraag en aanbod is – lei tot stygging in vraag – integreer langtermyn maatreëls met oorhoofse makro-ekonomiese beleid ✓✓

- Vermindering in koste: groter produksie teen enige prysvlak aangebied – AA skuif na AA<sub>1</sub> en AV na AV<sub>1</sub> – produksie brei uit van Q na Q<sub>1</sub> terwyl prysse dieselfde bly ✓✓

Soos:

- Infrastruktuurdienste soos vervoer, kommunikasie en energie
- Administratiewe koste soos inspeksies en regulasies – dra by tot koste
- Kontantaansporings soos subsidies en vergoeding aan uitvoerders vir uitgawes aangegaan ✓✓

- Verbetering in doeltreffendheid van insette: AA-kurve skuif na regs – gewoonlik met aansporingskemas en maatreëls bereik soos: belastingkoerse, kapitaalverbruik, menslike hulpbronne en gratis adviesdienste ✓✓
- Verbetering van doeltreffendheid van mark: maatreëls omsluit deregulering, mededinging en gelykmaak van speelveld ✓✓ (4 X 2)

[16]  
[50]

**VRAAG 3: LU2 MIKRO-EKONOMIE, AS2-AS3****3.1 Beantwoord die volgende vrae toepaslik:**

- 3.1.1 (a) homogeen ✓✓  
 (b) sewe ✓✓  
 (c) nie-meriete ✓✓  
 (d) nie-volmaakte ✓✓ (4 x 2) [8]

**3.1.2 Noem enige DRIE eienskappe van 'n monopolie.**

- Gekonfronteer met vraagkurwes ✓✓
- Besluit op produksievakke ✓✓
- Blootgestel aan markkrage ✓✓
- Kom voor substitute te staan ✓✓
- Geniet gunstige omstandighede ✓✓
- Uitbuiting van verbruikers ✓✓
- Word teen toegang beskerm ✓✓
- (Enige ander relevante feite) (3 X 2) [14]

**3.2 Bestudeer die volgende grafieke en beantwoord die vrae wat volg:**

- 3.2.1 (i) verlies = C ✓✓  
 (ii) normale wins = A ✓✓  
 (iii) ekonomiese wins = B ✓✓ (3 x 2) (6)
- 3.2.2 Normale wins is situasie waar totale inkomste presies gelyk is aan totale koste – 'n bedrag wat die ondernemer homself betaal – soos ander uitgawes – minimum verdienste wat ondernemer gelukkig genoeg hou sodat hy nie sy besigheid wil sluit nie / GI = GK ✓✓✓ (3)
- 3.2.3  $E_2$  waar  $R = MC$  ✓✓✓ (3)
- 3.2.4  $TR - TC =$  Totale ekonomiese verlies ✓✓  
 $(R6 \times 60) - (R8 \times 60) =$  totale ekonomiese verlies ✓✓  
 $R360 - R480 = -R120$  ✓✓ (3 x 2) (6)
- 3.2.5 Totale inkomste =  $R8 \times 80 = R640$  ✓✓ (2)  
[20]

**3.3 Bespreek eienskappe van tipiese oligopolie**

- Tipe produk ✓✓ homogeen (suiwer oligopolie) of gedifferensieerd✓✓
- Toetrede ✓✓ nuwe produsente kan vryelik toetree – nie maklik nie – slegs paar besighede in mark✓✓
- Beheer oor pryse ✓✓ produsente het aansienlike beheer oor prys van hul produkte ✓✓
- Onderlinge afhanklikheid ✓✓ slegs paar besighede wat deur optrede van ander besighede beïnvloed word – mededingers reageer ✓✓
- (Enige ander relevante feite) (4 X 4) [16]  
/50/

## **VRAAG 4: LU3 EKONOMIESE STREWES, AS1 – AS3**

#### **4.1 Beantwoord die volgende vrae toepaslik:**

- 4.1.1**      (a) groei ✓✓  
                (b) toerisme ✓✓  
                (c) gedwonge ✓✓  
                (d) Gini-koëffisiënt ✓✓      (4 x 2)      (8)

#### **4.1.2 Noem enige DRIE voordele van uitvoerbevordering**

- Geen beperkings ✓✓
  - Produksie op koste en doeltreffendheid gebaseer ✓✓
  - Stimuleer binnelandse produksie ✓✓
  - Wisselkoere realisties ✓✓
  - (Enige ander relevante feite) (3 x 2) [14] (6)

#### **4.2 Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat volg:**

- |       |   |             |
|-------|---|-------------|
| 4.2.1 | Minister van Finansies ✓✓✓  | (3)         |
| 4.2.2 | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ SARB ✓✓</li> <li>▪ Departement van Arbeid✓✓</li> <li>▪ Stats SA</li> <li>▪ (Enige ander relevante instellings) (2 X 2)</li> </ul>  | (4)         |
| 4.2.3 | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Relatiewe werksverrigting van land kan gemeet word (in vergelyking met ander lande) ✓✓✓</li> <li>▪ 'n Gekompliseerde ekonomiese verander deurentyd – maak meting van veranderinge noodsaaklik ✓✓✓</li> <li>▪ Metode van statistiese berekening is hersien</li> </ul> | (3)         |
| 4.2.4 | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ IMF ✓✓</li> <li>▪ Wêreldbank ✓✓</li> <li>▪ Verenigde Nasies ✓✓</li> </ul>  | (2 X 2) (4) |
| 4.2.5 | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Dui op ekonomiese ontwikkeling ✓✓</li> <li>▪ Dui op lewenstandaarde ✓✓</li> <li>▪ Gebruik om lewenstandaarde te vergelyk ✓✓</li> </ul>   | (3 X 2) (6) |

**4.3 Tabuleer die vernaamste verskille tussen ontwikkelde lande in die Noorde en ontwikkelende lande in die Suide (Noord-Suid verdeling).**

<b>NOORDEKANT Ontwikkelde lande</b>	<b>SUIDEKANT Ontwikkelende lande</b>
Per capita inkome – 87 % geproduseer deur 15 % van wêreld se bevolking ✓✓	85 % van wêreld se bevolking leef op $\frac{1}{5}$ van wêreld se inkome ✓✓
Lewensverwagting is hoog in ontwikkelde lande = 75 jaar ✓✓	Lewensverwagting in ontwikkelende lande is lag a.g.v. wanvoeding, siektes en swak gesondheid = 48 jaar ✓✓
Onderwysvlak hoog – almal is geletterd ✓✓	Onderwysvlak laag - slegs 46 % volwasses geletterdheid. ✓✓
Handel: ryk lande subsidieer produksie – ontwikkelende kan nie kompeteer nie ✓✓	Handel: ontwikkelende lande word gemarginaliseer deur subsidies. ✓✓
Massaverbruik van olie en steenkool – beskadig osoonlaag – lug, water, geraasbesoedeling en giftige afval ✓✓ (4 X 2)	Fokus op landbou – grond kwaliteit, voldoende reënval en gesonde oeste kritiek – degradering en verlies aan grond, water en plantegroei – produseer nie genoeg kos nie – lei tot hongersnood en wanvoeding ✓✓ (4 X 2)

(Enige ander relevante feite)

[16]

/50/

## VRAAG 5: LU4 KONTEMPORE EKONOMIESE KWESSIES, AS1 - AS4

### **5.1 Beantwoord die volgende vrae toepaslik:**



### **5.1.2 Noem enige DRIE vorme van besoedeling.**

- Lug ✓✓
  - Water ✓✓
  - Land ✓✓
  - Residueel afval (huishoudelik, onbruikbare duursame verbruiksgoedere en rommel) ✓✓
  - Produksie-besoedeling (benadeel grond, see en atmosfeer soos deur suurreën, rook, gasse, giftige chemikalieë, plaagbestryder-besmetters, vloeibare chemiese uitvloeiing, geraas, landskap skending, oliestortings) ✓✓
  - (Enige ander toepaslike feite) (3 X 2)

## **5.2 Bestudeer die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg:**

- |       |  |                   |
|-------|--|-------------------|
| 5.2.1 | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Hulle het nie voldoende inkomstebonne nie ✓✓✓</li> <li>▪ Hulle wil hulpbron-toewysing verbeter ✓✓✓</li> <li>▪ Dit voorsien 'n ekstra bron van inkomste aan die provinsies ✓✓✓</li> </ul>  | (3)               |
| 5.2.2 | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Eiendomsbelasting ✓✓</li> <li>▪ Heffing ✓✓</li> <li>▪ Bybetaalings ✓✓</li> <li>▪ Boetes ✓✓</li> <li>▪ Verbruikersheffings + Voertuig lisensiefooie ✓✓</li> <li>▪ Lenings ✓✓</li> </ul>  | (enige 3 X 2) (6) |
| 5.2.3 | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Inflasie sal toeneem ✓✓ vervoerkoste sal toeneem en lei tot hoër produktepryse ✓</li> <li>▪ Toerisme - positief ✓✓ beter dienslewering deur provinsie ✓</li> <li>▪ Toerisme – negatief ✓✓ hoër petrolpryse ✓</li> <li>▪ Omgewing word bevoordeel ✓✓ meer kapitaal beskikbaar om bestuur van hulpbronne te verbeter ✓</li> </ul> | (3 X 3) (9)       |
| 5.2.4 | indirekte ✓✓   | (2)               |

**5.3****Bespreek die oorsake van vraag(-trek) inflasie**

- Toename in verbruik ✓✓ minder besparings ✓✓ afname in belastings  
✓✓ groter toegang tot krediet ✓✓
- Investering ✓✓ laer rentekoers verbeter verwagtings van besighede – investeer meer – toename in vraag – aggregaatvraag styg vinniger as aggregaataanbod, pryse styg ✓✓
- Staatsbesteding ✓✓ infrastruktuur soos kapitaalprojekte ✓✓ verbruiksbesteding op onderwys, gesondheid en beskerming ✓✓ maatskaplike besteding soos openbare werkeprogramme en maatskaplike toelaes ✓✓
- Uitvoerverdiensetes ✓✓ buitelandse groei: ekonomiese van handelsvennote wat groei, skep vraag na verskeidenheid plaaslik-vervaardigde goedere ✓✓ vraag na kommoditeite: neem toe en af soos in sakesiklusse ✓✓

(4 X 4)

[16]  
/50/

**VRAAG 6: LU3 – AS3 & 4 EN LU4 – AS4, EKONOMIESE STREWES EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

**6.1 Beantwoord die volgende vrae toepaslik**

- |  |   |                     |     |
|--|---|---------------------|-----|
| 6.1.1  | (a) fisiese ✓✓<br>(b) ontwikkelde ✓✓<br>(c) die omgewing ✓✓<br>(d) nie-hernubaar ✓✓ | (4 x 2)             | [8] |
| <b>6.1.2 Noem enige DRIE argumente ten gunste van beskerming</b>   |   |                     |     |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Skep inkomste vir regering ✓✓</li> <li>▪ Beskerming van volle nywerheidsbasis ✓✓</li> <li>▪ Beskerming van spesifieke nywerhede ✓✓</li> <li>▪ Beskerming van binnelandse standarde ✓✓</li> <li>▪ (Enige ander relevante feite) (Enige 3 x 2)</li> </ul>   |   | (6)<br>[14]         |     |
| 6.2.1 (a) Geen arbeidsmark ondervinding / Gebrek aan onderwys en opleiding / gebrek aan vaardighede ✓✓<br>(b) Raak hoogs geskoold ✓✓✓ slegs 1 % van hoogs geskoold persone is werkloos ✓✓✓<br>(c) Moedig eko-toerisme aan deur gastehuise, ✓✓ lodges, gasteplase, wandelpaaie; inheemse kuns aanmoedig ✓✓<br>(Enige ander relevante feite)   |   | (2)<br>(6)<br>(4)   |     |
| 6.2.2 Beurse vir verdere studies ✓✓ subsidies om produksie moontlik te maak in die formele sektor ✓✓<br>(Enige ander relevante feite)  |   | (Enige 1 X 2) (2)   |     |
| 6.2.3 (a) Tegnici ✓✓ 88 % ✓✓<br>(b) Swak vergoedings / Gebrek aan opleiding ✓✓   |   | (4)<br>(2)          |     |
|  |   | [20]                |     |
| <b>6.3 Bespreek staatsinmenging om omgewingsvolhoubaarheid te verseker</b>   |   |                     |     |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <u>Toekenning van eiendomsreg</u> ✓✓ verseker dat mense omgee vir dit wat aan hulle behoort soos flora- en fauna spesies se uitsterf wat voorkom word / eiendomsreg oor skoon lug – ontwikkelde lande betaal vir die reg om te besoedel ✓✓</li> <li>▪ <u>Betaling vir omgewingsgebruik</u> ✓✓ belas omgewingsgebruik – verbruikers en produsente betaal vir afval geproduseer en in omgewing gestort / betaling gehef op nywerhede en voertuigenaars vir uitlaat van gasafval ✓✓ betalings moet proporsioneel wees tot afval geproduseer ✓✓</li> <li>▪ <u>Omgewingsbelastings</u> ✓✓ belasting gehef op produksie, bekend as groenbelasting ✓✓ bv. op motorbande – belastingkoers moet gelyk wees aan marginale eksterne koste ✓✓</li> <li>▪ <u>Omgewingsubsidies</u> ✓✓ koste om nadelige effekte vir omgewing te verminder uit belastings verhaal bv. nuwe tegnieke en toerusting ✓✓</li> <li>▪ <u>Bemarkbare permitte</u> ✓✓ besighede kan lisensies aan ander verkoop – laer besoedeling deur een kan ander toelaat om meer te besoedel ✓✓</li> </ul> |   | (Enige 4 X 4)       |     |
|  |   | [16]<br><b>/50/</b> |     |

**AFDELING C**

- I. Opstelle behoort die volgende in te sluit: inleiding, inhoud en slot. Vir die inleiding en slot sal 5 punte toegeken word. Vir die interpretering van die onderwerp en taalgebruik – 'n verdere 5 punte. 'n Maksimum van 40 punte sal toegeken word vir die inhoud.
  - II. Ander lang antwoord-vrae: Vir die struktuur sal 5 punte toegeken word. Die interpretering van die onderwerp en taalgebruik sal 'n verdere 5 punte verdien. 'n Maksimum van 40 punte sal toegeken word vir die inhoud.
- 

**VRAAG 7 (LU1 MAKRO-EKONOMIE, AS3)**

**'Fiskale beleid is die owerheidsbeleid wat betrekking het op die aard, vlak en samestelling van owerheidsbesteding, belasting en lenings. Deur middel van die fiskale beleid poog die owerheid om spesifieke ekonomiese doelwitte te bereik.'**

**Bespreek die kenmerke, samestelling en uitwerking (ingeslote 'n behoorlik benoemde Lafferkurwe) van die fiskale beleid.**

---

**KENMERKE:**

1. Dit is doelwitgebonden ✓✓
  - Die sentrale regering bepaal die ekonomiese en maatskaplike doelwitte van die land deur middel van die begrotingsproses, konsultasie en oorreding. ✓✓
  - Provinciale en plaaslike regerings voer slegs goedgekeurde begrotingsdoelwitte uit. ✓✓
2. Dit is vraagsydig ✓✓
  - Fiskale beleid is die belangrikste beleidsinstrument wat in vraagkantbeleid gebruik word, elemente van fiskale beleid word egter ook gebruik om aanbodkantdoelwitte te realiseer. ✓✓
  - Bv. wanneer die staat infrastrukturue verbeter, belasting as aansporing gebruik, versnelde depresiasiie van bates toelaat en menslike hulpbronontwikkeling subsidieer. ✓✓
3. Dit is siklies ✓✓
  - Die sakesiklus het 'n direkte uitwerking op fiskale beleid – tydens 'n periode van uitbreiding in ekonomiese aktiwiteit styg inkomste en winste – dit lei tot 'n styging in die totale (makro/aggregaat) vraag en besteding. Styging in inkomstebelasting en wins, en belasting op goedere en dienste. Styging in staatsinkomste wat lei tot hoër bestedingsvlakke. ✓✓
  - Die teenoorgestelde gebeur tydens 'n periode van inkrimping in ekonomiese aktiwiteite. Daarom behoort fiskale beleid anti-siklies te wees, sodat dit uiterste fluktuaasies uitstryk. ✓✓

maks 3 x 4 (12)

**SAMESTELLING:**

Instrumente van fiskale beleid is owerheidsbesteding en belasting. Indien owerheidsbesteding en -inkomste uit belasting gelyk is aan mekaar kry ons 'n gebalanseerde begroting, wanneer die inkomte die owerheidsbesteding oorskry, word daarna verwys as 'n oorskot op die begroting en wanneer owerheidsbesteding die inkomte oorskry, praat ons van 'n begrotingstekort. ✓✓

1. Owerheidsbesteding ✓✓

- Owerheidsbesteding word op 2 maniere geklassifiseer: funksioneel en ekonomies. ✓✓
- Owerhede bestee om openbare- en meriete goedere óf gratis óf teen gesubsidieerde pryse te lewer, ✓✓ rente op staatskuld te betaal, ✓✓ inkomte te herverdeel, ✓✓ en aggregaatvraag en -aanbod te beïnvloed. ✓✓

2. Belasting ✓✓

- Owerheid hef belastings om verskeie redes: inkomste om uitgawes te betaal, ✓✓ om die verbruik van nie-merietegoedere te ontmoedig, ✓✓ om eksterne koste in private koste om te skakel. ✓✓ Om invoere te ontmoedig en om inkomste te herverdeel. ✓✓ Om die vlak van aggregaat vraag- en aanbod te beïnvloed. ✓✓

3. Staatskuld ✓✓

- Hoofbegroting moet altyd balanseer – Indien 'n tekort ontstaan word lenings aangegaan om dit te balanseer. As surplusse ontstaan word dit gebruik om staatskuld af te betaal. ✓✓
- Na die byvoeging van buitengewone oordragte en ontvangstes ontstaan die netto leningsbehoefte. Lenings dra by tot leningskuld, wat ook as openbare skuld/staatskuld bekend staan. ✓✓

maks 3 x 4 (12)

**UITWERKINGS (INSLUITEND DIE LAFFER-KURWE)**

Die rigting van die uitwerking van die fiskale beleid hang af van die periode van die sakesiklus. Tydens die uitbreidingsperiode neig dit om 'n uitwerking te hê wat die teenoorgestelde is van die inkrimpingsperiode. ✓✓

1. Inkomeverdeling ✓✓

- Progressiewe belastings sorg vir 'n meer gelyke verdeling van inkomte terwyl 'n regressiewe belasting 'n ongelyke verdeling veroorsaak, en 'n proporsionele belasting die inkomeverdeling onveranderd laat. ✓✓
- Besteding op sosiale goedere, bestaansbeveiliging en welsynsbetalings vul die inkomste van arm mense meer aan as die van ryk mense. ✓✓
- Bv. In 2005 het meer as 20 % van Suid-Afrika se bevolking kontanttoelaes uit welsyn en bestaansbeveiliging ontvang. ✓✓

2. Verbruik


- Direkte en indirekte belastings sal beide die totaal en die patroon van verbruiksbesteding affekteer.
- Direkte belastings verminder besteebare inkomte, maar die werklike effek op verbruik sal afhang van die verbruiksgeneigdheid en die vlak van besparing ✓✓ - indien besparingsvlakte laag is sal direkte belasting-verbruik verminder. ✓✓
- Die inkomevermenigvuldiger skop in wanneer regeringsbesteding styg as gevolg van hoër vlakke van indiensname. ✓✓

3. Prysvlakke ✓✓

- Direkte belasting kan inflasionele druk verminder deur totale vraag te verminder. ✓✓
- Lei tot koste-druk-inflasie – moedig werkers aan – eis hoër lone. ✓✓
- Die verhoging in indirekte belasting veroorsaak 'n styging in die algemene pryspeil. ✓✓
- Inflasionele en deflasionele besteding hang af van die beskikbaarheid van produksiefaktore. ✓✓

#### 4. Aansporings ✓✓

- Belasting ✓✓ direkte belasting (inkomste en maatskappybelasting) verminder die aansporing om te werk, spaar, investeer en risiko's te neem. ✓✓ Hoë en progressiewe inkomstebelastingkoerse ontmoedig mense om die arbeidsmark te betree, bevordering te aanvaar, langer ure te werk. ✓✓
- Laffer-kurve:  
As die gemiddelde belasting koers 0 is, is die inkomste ook 0. Indien die belastingkoers bo 0 styg sal die belastinginkomste van die staat ook styg. - die helling opwaarts bereik 'n piek ( $t$ ). Daarna word belastingkoerse so hoog dat dat die gevolglike daling in produksie die styging in die belastingkoers meer as net neutraliseer ✓✓ die vermindering in die koers van inkomstebelasting van  $t_1$  na  $t$  veroorsaak 'n verhoging in belastinginkomste van  $R_1$  na  $R$  – arbeiders word aangemoedig om meer te werk en verminder belasting ontduiking en vermyding. ✓✓
- Die verhoging van belasting van  $t_1$  na  $t_2$  sal geen effek op staatsinkomste hê nie, maar dit sal egter die belastingkoers met  $\frac{2}{3}$  verlaag. ✓✓
- In die meeste lande is die belastingkoers onder  $t$  - Suid-Afrika se koerse word ook die laaste jare verminder. ✓✓
- Owerheidsbesteding ✓✓ Toelaes en subsidies dien as aansporings vir belangrike munisipale dienste en voedingskemas. ✓✓
- Grafiek:



Diskresie ✓✓ Die minister van finansies gebruik diskresie bv. om te besluit met hoeveel om die inkomstebelastingkoers te verlaag, of hoeveel op nuwe infrastruktuur

spandeer gaan word. ✓✓

- Diskresie beperking: tekortreël (3 % van BBP); leenreël (slegs vir kapitaalbesteding); skuldreël (nie 60 % van nominale BBP oorskry nie)✓✓

(Grafiek : 4 punte - maks 16)

(40)

Gebruik die volgende rubriek tesame met bogenoemde om die bespreking te assesseer.

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
1	Die kandidaat toon 'n mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp.
2	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïntrepreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel.
3	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïntrepreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel.

PUNTE	TAALGEBRUIK
1	Taalgebruik is aanvaarbaar, met 'n mate van foutiewe woordeskat en punktuasie.
2	Taalgebruik is goed. Antwoord lees maklik en is goed gepunktueerd.

PUNTE	AANBIEDING VAN FEITE (KOGNITIEWE INHOUD)
1	Demonstreer beperkte vermoë om die inhoud in die regte konteks te gebruik; redelike skryfstyl.
2	Demonstreer 'n redelike vermoë om die inhoud in die korrekte konteks te gebruik; goeie skryfstyl.
3	Demonstreer die vermoë om inhoud sinvol in die korrekte konteks weer te gee; baie goeie skryfstyl.
4	Demonstreer die vermoë om die inhoud volledig weer te gee in die vereiste konteks; puik skryfstyl.
5	Demonsteer uitstaande vermoë om die inhoud in die korrekte konteks weer te gee; uitstaande skryfstyl.

(10)

[50]

## VRAAG 8 (LU2 MIKRO-EKONOMIE, AS2)

**“n Monopolie is ‘n goeie voorbeeld van ‘n mark waar winsmaksimering dui op ondervoorsiening en buitensporige pryse van goedere en dienste. Hierdie tipe mark vorm gewoonlik deel van ‘n ongereguleerde mark wat in gebreke bly om voldoende produksie te lewer.”**

**Skryf ‘n opstel en verduidelik in detail die redes vir markmislukkings.**

### INLEIDING

- Soms slaag die vryemark nie daarin om genoeg goedere en dienste te produseer teen pryse wat grensnut en relatiewe skaarsheid reflekteer nie.- markmislukking. ✓✓✓
- Markmislukking beteken dat die beste beskikbare produksieuitkoms nie bereik is nie markte misluk in die optimale allokering van produksiefaktore. ✓✓✓

(maks 3)

### BESPREKING

#### REDES:

1. Eksternaliteit ✓✓
  - Soms, tenspyte van ideale marktoestande gebeur dit soms dat die een groep mense bevoordeel word en ander groep benadeel word as gevolg van eksternaliteit. ✓✓
  - Dit is die koste en voordele wat private koste en voordele in sosiale koste en voordele verander. ✓✓
  - 4 konsepte:
    - Private koste (Interne koste) ✓✓ Koste wat verbruikers aangaan wanneer hul goedere koop.bv. die prys van R990 vir ‘n fiets.✓✓
    - Private (Interne) voordele ✓✓ Voordele wat diegene toekom wat die goedere produseer. ✓✓
    - Sosiale koste ✓✓ Koste vir produsente en die gemeenskap as geheel dit sluit addisionele koste soos storting van afvalprodukte en die afname in die estetiese aantreklikheid van die gebied in.✓✓
    - Sosiale voordele ✓✓ positiewe eksternaliteit soos skoon water lei tot die vermindering van siektes, gesonder werkerskorps en gevvolglik hoër produktiwiteit. ✓✓
  - Private koste en voordele het ‘n prys.eksternaliteit het geen prys. Eksternaliteit is ‘n koste of voordeel vir derdepartye. ✓✓
  - Eksternaliteit is die verskil tussen sosiale koste en voordele. En private koste en voordele. ✓✓
2. Openbare goedere ✓✓
  - Die werking van markte soms onvolledig in die sin dat die vraag na sekere goedere nie bevredig word nie, die openbare sektor moet dan sulke goedere en dienste voorsien. Openbare goedere en dienste bv. verdediging, polisiedienste, straatligte en vloedbeheer en kollektiewe goedere soos bv. parke, strate, openbare vervoer en vullisverwydering. ✓✓

- Kenmerke van openbare goedere :
  - Nie-mededingend ✓✓ die verbruik deur een persoon verander nie die verbruik van 'n ander persoon nie, bv. 'n straatlig. ✓✓
  - Nie-uitsluitend ✓✓ die verbruik van openbare goedere kan nie beperk word tot diegene wat daarvoor betaal het nie bv. roofkykers. ✓✓
  - Sosiale voordele oorskry private voordele ✓✓ groot sosiale voordele in vergelyking met private voordele, bv. gesondheid en onderwys. ✓✓
  - Oneindige verbruik ✓✓ As dit een maal verskaf is, is die grenskoste nul om dit aan een addisionele individu te verskaf. Bv. verkeersligte.✓✓
  - Nie-weiering ✓✓ Individue wat hulself nie kan weerhou van die gebruik van die goedere nie, Bv. straatligte. ✓✓
- Openbare goedere word nie deur 'n prysmeganisme verskaf nie, dus kan die produsent dit nie weerhou ten tye van nie-betaling nie. ✓✓
- Die staat finansier openbare goedere deur belasting en verskaf self die goedere en dienste.✓✓
- In SA is die meeste goedere en dienste private goedere en bestaan daar ten opsigte van hierdie goedere, mededinging in verbruik asook uitsluiting.✓✓

### 3. Meriete en nie-merietegoedere ✓✓

#### MERIETEGOEDERE:

- Sommige goedere wat baie wenslik is vir die algemene welvaart van 'n land se inwoners word dikwels nie hoog deur die mark aangeslaan nie, die verbruik daarvan neem af, in hierdie sin het die mark dan misluk. ✓✓
- Bv. gesondheidsorg, veiligheid en onderwys. Merietegoedere is 'n spesiale vorm van privategoed. ✓✓
- Min mense sal vir onderwys betaal as hulle die volle koste daarvan moet dra, en sal dit lei tot markmislukking. ✓✓
- In 'n suiwer markstelsel sal verbruikers se uitgawes op meriete goedere deur die privaat voordele wat hul daaruit kan kry bepaal word. ✓✓
- Meriete-goedere het positiewe ekternaliteite – sosiale voordele afgelei van verbruik oortref die privaat voordele. ✓✓
- Algemene metode om markmislukking ten opsigte van merietegoedere te oorkom is dat die staat dit voorsien.✓✓
- Opsies:
  - **Gedeeltelike voorsiening:** (fokus op primêre gesondheidsorg en onderwys in die algemeen).✓✓
  - **Statutêre vereistes:** (jeug verplig om skool te gaan tot die ouerdom van 15jr) ✓✓
  - **Uitkontraktering:** (kontrakteer die privaatsektor om sommige merietegoedere te voorsien (onderwys en opleiding, asook gesondheidsdienste) ✓✓

#### NIE-MERIETEGOEDERE:

- Bv. Sigarette, alkohol en nie-voorskrifmedisyne - oorverbruik daarvan vind in die vryemark plaas.✓✓
- Sommige verbruikers besef nie presies hoeveel dit kos om dit te verbruik nie. – negatiewe eksternaliteite. ✓✓
- Die staat kan die verbruik daarvan verban of die verbruik daarvan verminder deur belasting en die mense bewus te maak van die negatiewe impak daarvan.✓✓

### 4. Onvolmaakte mededinging ✓✓

- Mededinging word dikwels deur mag aanbande gelê – mag lê by die

produsente. ✓✓

- Toestande van onvolmaakte mededinging: beperk uitset, verhoog pryse waar pryse die grenskoste oorskry, verhoed die toetreden van nuwe ondernemings en verhoed die volle aanpassing van veranderings in vraag. ✓✓
- Moderne markte laat nie prys onderhandelings toe nie. ✓✓
- Advertensie bevorder soewereiniteit van produsente - moedig verbruikers aan om produk te koop, bekendstelling van nuwe produkte word dikwels vertraag totdat dit in finansiële belang van die onderneming is. ✓✓
- Bv. besighede beskik oor die tegnologie om langlewe-gloeilampe te produseer of om motors op die mark te plaas wat nie op die konvensionele manier aangedryf word nie. ✓✓

#### 5. Gebrek aan inligting ✓✓

Gebrek aan inligting om rasionele besluite te neem:

- **Verbruikers** ✓✓ nut-maksimering – benodig volledige inligting – tegnologie bevorder inligting. ✓✓
- **Werkers** ✓✓ onbewus van werksgeleenthede, voor- en nadele, gesondheidsrisiko's. ✓✓
- Entrepreneurs ✓✓ gebrek aan informasie ten opsigte van koste, beskikbaarheid en die produktiwiteit van sommige produksiefaktore – word bedryf op grond van verkeerde inligting wat die lewensduur van toerusting beïnvloed. ✓✓

#### 6. Onbeweeglikheid van produksiefaktore ✓✓

- Die meeste markte pas nie vinnig genoeg aan by veranderde omstandighede nie agt 'n gebrek aan markinligting dit veroorsaak dat produksiefaktore ook onbeweeglik is. ✓✓
- Arbeid ✓✓ neem tyd om van beroep te verander en pas geografies moeilik en soms onvoldoende aan. ✓✓
- Ongeskoolde werkers ✓✓ nie instaat, nie bereid of het nie tyd om die nodige vaardighede te bemeester nie. ✓✓
- Fisiese kapitaal ✓✓ infrastruktuur soos bv telefoonnetwerke kan slegs met baie ongerekelde tydsintervalle van een ligging na 'n ander verskuif word. ✓✓
- Strukturele veranderinge ✓✓ vind stadig plaas – vraag neem toe of af. Produksietegnologie kan ook verander, bv. werkers wat met robotte vervang word. ✓✓

#### 7. Onvolmaakte verdeling van inkomste en rykdom. ✓✓

- Marksisteem neutraal tot die kwessie van inkomsteverdeling. ✓✓
  - Diskriminasie versteur verdienste van vroue, minderheidsgroepe en gestremde persone. ✓✓
- (maks 40)

## GEVOLGTREKKING

Enige aanvaarbare gevolgtrekking. NIE 'n herhaling van bogenoemde feite nie. ✓✓  
(maks 2)

Gebruik die volgende rubriek tesame met die bogenoemde om die leerder se antwoord te assesseer.

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
1	Die kandidaat toon 'n mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp
2	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïntrepreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel.
3	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïntrepreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel.

PUNTE	TAALGEBRUIK
1	Taalgebruik is redelik. Woordeskat en punktuasie is egter nie op standaard nie.
2	Taalgebruik is goed. Antwoord is maklik om te lees en goed gepunktueerd.

[5]

## VRAAG 9: LU3 EKONOMIESE STREWES, AS2

**Ontleed die inligting in die tabel en evalueer Suid-Afrika se groei- en ontwikkelingsbeleide in terme van internasionaal-aanvaarde standaarde, in 'n formele brief aan die Minister van Finansies.**

**(Die kandidaat moet in staat wees om kortlik 'n agtergrond oor die groei- en ontwikkelingsbeleide van Suid-Afrika te gee as deel van die eerste paragraaf)**

Sedert 1994 het die Suid-Afrikaanse regering internasionale hoofstroom ekonomiese groei en ontwikkelingsbeleide nagestreef deur van vraagkant- en aanbodkantbenaderings gebruik te maak. Indien die uitkomste van hierdie beleide bereik is, sal die benaderings wat gevolg word om die bevredigende uitkomste te bewerkstellig, ook bevredigend wees. ✓✓

Die markbenadering kan ook hier gevolg word: ✓✓

Vraagfaktore soos: verbruiksbesteding, investeringsbesteding, owerheidsbesteding, uitvoere en invoere; en ✓✓

Aanbodfaktore soos: Natuurlike hulpbronne, Arbeid, Kapitaal, Tegnologie en Entrepreneurskap word bespreek. ✓✓

Enige 4 punte

[4]

**(In die volgende paragrawe moet die kandidaat in staat wees die bepaalde beleid te bespreek en dan te meet teenoor internasionaal beste praktyk)**

### Groeibeleide: (Enige VIER beleide)

**Ekonomiese groei:** ✓✓

Suid-Afrika is 'n ontwikkelende land, in terme van die Wêreldbank 'n laer-middel inkome land. ✓✓

Die gemiddelde ekonomiese groeikoers was 3.1 % per jaar tussen 1994 en 2005, in vergelyking met die gemiddeld van 1 % per jaar oor die vorige dekade. ✓✓

Na die implementering van GEAR (1996), het die begrotingstekort verminder tot minder as 3 % van die BBP en is aanvaar as norm. ✓✓

**Inflasie:** ✓✓

Inflasie daal deurlopend vanaf 9 % in 1994 tot 3,4 % in 2005. ✓✓

Die SARB laat vaar monetêre teikens en stel inflasieteikens in, aanvanklik in 'n 3 % - 6 % band. ✓✓

Rentekoerse, gebaseer op die repokoers, is die belangrikste instrument gebruik in die stabiliseringsbeleid ✓✓

Die volgehoue stabiele begrotingstekort het ook 'n stabiliserende uitwerking op die inflasiekoers gehad ✓✓

**Indiensneming:** ✓✓

Indiensneming in formele nie-landbousektore daal. ✓✓

Die GEAR strategie ondersteun siening dat gunstige klimaat vir werkskepping deur privaatsektor geskep moet word. ✓✓

Arbeidsproduktiwiteit in formele ekonomie styg met 4.2% per jaar oor 10 jaar sedert 2005. ✓✓

Die werkloosheidskoers styg vanaf 14% in 1994 toe 26.5% in 2005, tog het indiensneming toegeneem – hoofsaaklik vanweë informele sektor aktiwiteit. ✓✓

### **Wisselkoersstabiliteit: ✓✓**

Die Suid-Afrikaanse geldeenheid het sedert 1994 aansienlik gedepresieer. Eers geleidelik, toe versnel dit en bereik 'n hoogtepunt in 2002 ✓✓

Daarna appresieer dit met 40 % tot 2005 ✓✓

Internasionale reserwes styg vanaf 3 % van BBP in 1994 tot 18.7 % in 2005 ✓✓

Die SARB het van beheerde na vry swewende wisselkoersstelsel omgeskakel. ✓✓

**2 Punte - Opskrif**

**2 Punte - Bespreking**

[16]

### **Ontwikkelingsbeleide: (Enige VYF beleide)**

#### **Makro-ekonomiese beleide ✓✓**

Die suksesvolle implementering van makro-ekonomiese beleide is net soveel in belang van arm mense as gegoede mense ✓✓

Die reële per capita BBP styg vanaf 1,6% in 1998 tot 3,5% in 2005 - die lewenstandaard van SA-bevolking in geheel styg. ✓✓

Herverdeling deur belastingstelsel teweeggebring ✓✓ het aansienlike verbetering in verdeling van kontantvoordele, in natura voordele, makro-ekonomiese beleidsvoordele, behuising en dienste moontlik gemaak.✓✓

#### **Mikro-ekonomiese beleide ✓✓**

Indiensneming in die formele en informele sektore styg met omtrent 32 %. (3,6 % per jaar). Vanaf 1996 tot 2005, wat hoër as gemiddelde reële groeikoers van 3,2 % was. ✓✓

#### **Sosiale beleide: ✓✓**

Bykans 34,1 % van die SA bevolking is arm i.t.v. die internasionale maatstaf vir armoedegrens-inkome van \$2 'n dag ✓✓

Armoede verligting is gevvolglik 'n ernstige beleidaangeleentheid vir die regering, met die gevolg dat 'n aantal beleide op mees basiese behoeftes van armes fokus. ✓✓

Soos:

- Maatskaplike welsynstoelaes
- In natura voordele
- Dienste
- Primêre gesondheidsorg
- Onderwys

#### **Regstelling: ✓✓**

Internasionale organisasies soos die VN beklemtoon die belangrikheid, om inheemse volke van ontwikkelende lande te bemagtig. ✓✓

Die Suid-Afrikaanse owerheid beveel regstellingsmaatreëls aan wat belangrik is vanweë rasdiskriminerende beleide van die verlede. ✓✓

**Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB): ✓✓**

Die *Broad Based Black Economic Empowerment Act*, No.53 van 2003, voorsien die regsbasis vir transformasie van SA ekonomie sodat getal swart mense wat land besit, bestuur en beheer aansienlik kan toeneem en ongelykhede tov inkome aansienlik verbeter ✓✓

Spoed en omvang van bemagtiging en transformasie word i.t.v. sogenaamde handveste tussen regering en nywerhede ooreengekom. ✓✓

Die DHN publiseer 'n telkaart wat gebruik word om vordering op gebied van bemagtiging en transformasie te meet rakende die volgende elemente: ✓✓

Aandelebesit ✓✓

Bestuur en beheer ✓✓

Billike indiensneming ✓✓

Voorkeuraankope ✓✓

Ontwikkeling van ondernemings ✓✓

Maatskaplike verantwoordelikheid ✓✓

Enige 1 X 2

**Herverdeling van grond: ✓✓**

Die owerheid poog om 30 % van alle landbougrond teen 2014 aan voorheen benadeelde individue en groepe te herverdeel. ✓✓

Teen 2004 was omtrent 1.5 % van landbougrond herverdeel. ✓✓

Omtrent 61 % van eise vir grondrestitusie in teen 2004 gefinaliseer. ✓✓

**Regstellende aksie: ✓✓**

Reëls vir regstellende aksie in *Employment Equity Act, no 55 of 1998* beskryf ✓✓ en is van toepassing op werkgewers met 50 of meer werknemers in diens of wat 'n jaarlikse inkomste bo 'n sekere perk verdien bv. R2 miljoen in landbou en R10 miljoen in vervaardiging ✓✓

**2 Punte - Opskrif**

**2 Punte - Bespreking**

**[20]**

Gebruik die volgende rubriek in samehang van bogenoemde om die kandidaat se brief te assesseer:

PUNTE	INTERPRETERING VAN ONDERWERP
1	Kandidaat toon mate van begrip oor die onderwerp maar sekere belangrikste aspekte van die onderwerp is nie aangeraak nie.
2	Kandidaat interpreteer onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie.
3	Kandidaat interpreteer onderwerp korrek en verbind feite met die onderwerp.

PUNTE	TAALGEBRUIK
1	Taalgebruik is redelik met 'n mate van foutiewe taalgebruik en punktuasie.
2	Taalgebruik is goed. Antwoorde lees maklik en is goed gepunktueerd.

PUNTE	FORMAAT VAN BRIEF
1	Formaat van brief en aanbieding van feite is onvanpas.
2	Formaat van brief is aanvaarbaar maar aanbieding van feite moet verbeter.
3	Formaat van brief is aanvaarbaar en aanbieding van feite is toepaslik.
4	Formaat van brief is baie goed en aanbieding van feite is volledig.
5	Formaat van brief is uitstaande en aanbieding van feite is puik.

(10)  
[50]

## VRAAG 10: LU4 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES, AS2

**'Toerisme kan 'n enjin wees vir groei, met die vermoë om ander sektore van die ekonomie aan te spoor en te vernuwe. Ons moet toerisme sien as 'n middel tot 'n beter lewe vir almal. Toerisme is die wêreld se grootste nywerheid, wat jaarliks miljoene dollar in sommige van die armste lande inpomp.'**

**Bespreek die uitwerking van toerisme op die Suid-Afrikaanse ekonomie, en beklemtoon die impak daarvan op BBP, indiensname, armoede, eksternaliteit, die omgewing en infrastruktuur.**

**Toerisme beïnvloed die ekonomie op die volgende maniere:**

### **BRUTO BINNELANDSE PRODUK (BBP)**

Een ekonomiese feit oor toerisme wat ongetwyfeld vas staan, is dat die impak daarvan groter op die dienstebedryf as op landbou en fabriekswese is ✓✓

Toerisme se bydrae kan direk en indirek bereken word:

#### **Direkte bydrae:** ✓✓

Ekonomeiese ontwikkeling van toerismesektor is belangrik, want sy totale direkte bydrae tot die ekonomie word geskat op R93,6 bn. vir 2004, ✓✓ terwyl BBP R1 387 bn. bedra ✓✓  
 (volgens die Wêreld Reis- en Toerismeraad – WRRT)  
 Dit beteken dat die bedryf in totaal van 6.8 % bydra. ✓✓

#### **Indirekte bydrae:** ✓✓

Toerisme is basies 'n dienste-gebaseerde bedryf wat gedeeltelik verantwoordelik was vir die groei in SA in afgelope jare ✓✓  
 In ontwikkelende lande is die sektor verantwoordelik vir omtrent 40 % van BBP ✓✓ terwyl dit verantwoordelik is vir meer as 65 % van BBP in ontwikkelde ekonomeë ✓✓ In Suid-Afrika is dit soortgelyk aan die van ontwikkelde lande. Dienste dra meer as 65 % by tot BBP in 2004 ✓✓

### **INDIENSNEMING:** ✓✓

Die WRRT beraam dat toerisme in Suid-Afrika 1.12 miljoen werkgeleenthede in 2004 geskep het. Toerisme is die wêreld se grootste werkskepper om die volgende redes:  
 ✓✓

Dis arbeidsintensief ✓✓  
 Gebruik baie vaardighede ✓✓  
 Verskaf vinnig werkgeleenthede ✓✓  
 Bied geleenthede vir ondernemers ✓✓



Enige 2 x 2 [4]

### **ARMOEDE:** ✓✓

Toerisme word wyd gereken as een van vinnigste en effektiefste herverdelings-Kopiereg voorbehou

Blaai asseblief om

meganismes in ontwikkeling ✓✓

Dit bring ontwikkeling aan arm mense in plattelandse gebiede ✓✓

Baie van belangrikste toeriste-atraksies is nie in stede geleë nie, maar in plattelandse gebiede ✓✓

Dit bied geleenthede om arm mense se inkomstebronre te diversifiseer deur:

- hulle 'n aandeel te gee in kleinskaalse toerismebedryfde ✓✓
- hulle te bemagtig deur indiensopleiding ✓✓
- vennootskappe te skep bv. om by hoofstroomtoerismebedryfde in te skakel ✓✓

### **EKSTERNALITEITE: ✓✓**

Beide positiewe en negatiewe impak.

Positief: ✓✓

Groot bedrae inkomme ✓✓

Uitbreiding van vervoerstelsels ✓✓

Negatief: ✓✓

Beskadiging van terreine en natuurlike omgewing ✓✓

Gebruik hulpbronre en produseer afval ✓✓

Korttermynvoordele – negatiewe langtermyn-effek ✓✓

Besoedeling ✓✓

Enige 2 x 2 [4]

### **OMGEWING: ✓✓**

Enige vorm van nywerheidsontwikkeling op fisiese omgewing waarin dit plaasvind ✓✓

Toeriste moet plekke besoek waar produksie plaasvind om produk te kan verbruik – veroorsaak omgewingstres ✓✓

Die volgende is 4 belangrikste kategorieë van stres-verooraksende aktiwiteite:

- Permanente herstrukturering van omgewing ✓✓
- Skep van afvalprodukte ✓✓
- Direkte omgewingstres ✓✓
- Effek op bevolkingsdinamika ✓✓

### **INFRASTRUKTUUR: ✓✓**

'n Voldoende, fisiese, ekonomiese en basiese dienste infrastruktuur is noodsaaklik vir gebiede wat toeristebestemmings is ✓✓

Vervoerinfrastruktuur ✓✓

Kommunikasie infrastruktuur ✓✓

Energie infrastruktuur ✓✓

Basiese dienste infrastruktuur ✓✓

Effekte = 8 punte elk

Opskrifte 1 x 2 = 2

Bespreking 2 x 2 = 4

**5 effekte x 8 = 40**

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
1	Kandidaat toon mate van begrip oor onderwerp, maar belangrike aspekte van onderwerp ontbreek.
2	Kandidaat interpreter onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie.
3	Kandidaat interpreter onderwerp korrek en verbind feite korrek met onderwerp.

PUNTE	TAALGEBRUIK
1	Taalgebruik is redelik, terwyl daar 'n mate van foutiewe taalgebruik en punktuasie voorkom.
2	Taalgebruik is goed. Antwoord is maklik leesbaar en goed gepunktueerd.

PUNTE	AANBIEDING VAN FEITE (KOGNITIEWE KONTEKS)
1	Demonstreer beperkte vermoë om inhoud weer te gee in regte konteks; gemiddelde skryfstyl.
2	Demonstreer redelike vermoë om inhoud in bepaalde konteks aan te bied; goeie skryfstyl.
3	Demonstreer die vermoë om die inhoud sinvol in die korrekte konteks weer te gee; baie goeie skryfstyl.
4	Demonstreer die vermoë om die inhoud volledig weer te gee in die korrekte konteks; puik skryfstyl.
5	Demonstreer uitstaande vermoë om die inhoud in die korrekte konteks weer te gee; uitstaande skryfstyl.

(10)

**TOTAAL AFDELING C: 100****GROOTTOTAAL:**      **300**